Education and Sport Development

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
**NORTH WEST PROVINCE**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## SEPTEMBER 2015

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n lyn ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat 'n reël na elke antwoord oop.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |
| AFDELING D: | 30 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

### TINA TURNER



1 Tina Turner (73) is in Julie met Erwin Bach, haar maat van die afgelope 27 jaar getroud. Dit was die gelukkige einde van 'n storie wat veertig jaar gelede begin het. Die dag toe sy, met net 36 sent op haar naam en 'n petrolkaart, uit 'n huwelik van mishandeling met Ike Turner gevlug het.

2 Vandag na amper sestig jaar in die musiekbedryf is sy nog steeds *Simply the Best* en sonder enige twyfel een van die mees suksesvolste internasionale vroulike rocksterre ooit. Haar kragtige stem, dáái mooi bene, haar ewige skoonheid en haar onvergeetlike storie dra alles by tot die legende wat Tina Turner is.

3 Maar lank voor sy Tina Turner was, was sy Anna Mae Bullock wat in die suide van Amerika in 1939 in 'n arm familie gebore is. Anna Mae en haar ouer sussie het vanaf 'n jong ouderdom by hul ouma grootgeword. Na haar sussie en ouma se dood, is sy met haar ma herenig.

4 Sy en Ike is kort daarna getroud – so tussen die geboorte van haar seuns – die eerste een by Raymond Hill, 'n musikant, en die tweede by Ike. Sy was sewentien toe Ike na haar ma se huis gegaan het om te vra of sy in sy *band* kon sing. Hy't geweet sy het potensiaal om 'n ster te wees.

5 Hy't vir Tina vertel toe hy jonk was, het mense hom onaantreklik gevind. Dit het hom regtig seergemaak. "Ek sal jou nooit seermaak nie, Ike." het Tina gesê en sy het dit bedoel.

6 Ike was 'n uitstekende musikant en het 'n goeie besigheidsin gehad. Hy was die brein agter *Ike en Tina Turner Revenue*. Hy het drank en dwelms misbruik en begin om Tina en ander vroue te slaan.

Kopiereg voorbehou

| | |
|---|---|
| 7 | Ike het vir Tina in die gesig geslaan en toe later in die ribbes. "Ek het vir myself gesê, hier beter ek wegkom. Toe gaan sê ek vir die bestuurder, ek loop." |
| 8 | In Julie 1976 het sy die huwelik (en die *band*) verlaat. Toe Tina van Ike vlug, was sy 37 jaar oud. Sy moes 'n lang pad stap om 'n superster te word. Sy moes hard werk om die pot aan die kook te hou. Sy het 'n paar klein vertonings gedoen en selfs huise skoongemaak. |
| 9 | Tina het op Olivia Newton-John se musikale TV-program verskyn. Tina het vir Olivia se bestuurspan gevra om haar onder hul vlerk te neem. Daarna was sy baie suksesvol in haar musiekloopbaan. |
| 10 | Ike het op 10 Desember 2007 gesterf. Hy was 76. Sy hart en longe het ingegee na jare van sy dwelmmisbruik. Tina het nie die begrafnis bygewoon nie. |

[Verwerk uit: *Kuier*, 2013]

1.1 Hoe oud was Tina toe sy met haar tweede man getroud is? (1)

1.2 Met wie is sy die tweede keer getroud? (1)

1.3 Hoeveel jaar was hulle maats voordat hulle getroud is? (1)

1.4 Hoeveel geld het sy gehad toe sy van die mishandelde huwelik met Ike Turner gevlug het? (1)

1.5 Tina Turner het eienskappe wat haar 'n legende gemaak het. Noem DRIE. (3)

1.6 Wat was die naam van EEN van Tina se mees gewilde liedjies? (1)

1.7 Kies die korrekte woord tussen hakies. Skryf net die woord neer.

Tina is as 'n (Amerikaner/Suid-Afrikaner) gebore. (1)

1.8 Wat was haar naam voor sy dit na Tina Turner verander het? (1)

1.9 Watter soort musiek het Tina Turner gesing?

Kies die KORREKTE antwoord en skryf net die letter (A–D) neer.

A Kwaito
B Hip-hop
C Rock
D Gospel (1)

1.10 Dit is WAAR dat Tina Turner kinders gehad het.

Haal 'n gedeelte van 'n sin aan om te sê waarom die stelling waar is. (1)

1.11 Voltooi die volgende sin. Skryf net die vraagnommer en die KORREKTE antwoord neer. Kies jou antwoord uit die woorde in die raampie hieronder.

| | | | |
|---|---|---|---|
| mooi; | lelik; | ongelukkig; | smaakvol |

Toe Ike jonk was, het mense gedink hy is 1.11.1 ... en dit het hom regtig 1.11.2 ... gemaak. (2)

1.12 Wat beteken die idoom "om die pot aan die kook te hou" ?

Kies die KORREKTE antwoord en skryf net die letter (A–D) neer.

A om geld te maak
B om kos te kook
C om die stoof lank te laat kook
D om te sing vir 'n lewe (1)

1.13 Noem TWEE soorte werk wat Tina gedoen om geld te maak, nadat sy van Ike gevlug het. (2)

1.14 Wat beteken die uitdrukking "onder die vlerk neem"?

Kies die KORREKTE antwoord en skryf net die letter (A–D) neer.

A om onder die vlerke te bêre
B om suksesvol te wees
C om 'n bestuurder te wees
D om iemand te help (1)

1.15 Wat het Ike Turner se dood veroorsaak? (1)


1.16 Ike het ook goeie einskappe gehad. Noem TWEE eienskappe. (2)

1.17 Noem TWEE liggaamsdele waar Ike vir Tina geslaan het . (2)

1.18 Dink jy 'n mens moet in 'n huwelik bly as jy mishandel word? Motiveer jou antwoord. (1)

**TEKS B: SPOTPRENT**

Lees die spotprent hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: *Afrikaans Sonder Grense*]

1.19 Wat moet die twee mense doen om 'n nuwe provinsiale nommerplaat te koop? (1)

1.20 Wat verniel die voertuie in die spotprent hierbo? (1)

1.21 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer (1.21) en die letter (A–D) neer.

As 'n mens sê dat die lisensiegeld styg, beteken dit dat die lisensiegeld ...

A opgaan
B verdwyn
C verrys
D ophys (1)


1.22 Kies die korrekte WOORD tussen hakies. Skryf slegs die woord neer.

"Petrolpryse word dramaties verhoog" beteken "Petrolpryse word (min/redelik/baie) verhoog". (1)

1.23 Hoe weet jy dat die groot man op die donkiekar 'n besigheidsman is? (1)

1.24 Hoe weet ons dat die motorkar nie meer op die pad ry nie? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

- Som die **WENKE OM 'N PERSOON WAT SNORK, TE HELP** in jou eie SEWE volsinne op.
- Jou volsin MAG NIE 'n direkte aanhaling wees nie.
- Skryf die SEWE wenke PUNTSGEWYS onder mekaar neer.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**WENKE OM 'N PERSOON WAT SNORK, TE HELP**

Snork is nie 'n grap nie, en dit kan moeilikheid in die familie veroorsaak. Daaglikse oefening kan 'n mens help om nie so baie te snork nie.

Nagenoeg 40% van die bevolking snork. As jy nie genoeg slaap nie, kan jy by die skool aan die slaap raak. As jy snork, moet jy jou slaapposisie verander.

Oorgewig mense snork makliker, dus moet jy gewig verloor. Maer mense snork ook. As jy begin snork het vandat jy gewig aangesit het, weet jy dit is die rede hoekom jy snork.

Mense wat normaalweg nie snork nie, snork dikwels nadat hulle pille gedrink het. Moenie kalmeerpille drink voor jy gaan slaap nie. As jy pille drink, kan jy hoë bloeddruk kry.

'n Mens moet goeie slaapgewoontes hê. As 'n mens snork, stop jou asemhaling vir 10 sekondes. Jou brein maak jou dan wakker sodat jy weer normaal kan asemhaal.

Jou kussing kan stofgoggas bevat. Dieselfde kan ook gebeur as diere op die bed slaap. 'n Mens moet liewer jou hond uit die kamer jaag. Vervang jou kussing elke 6 maande.

'n Snorker moet baie vloeistowwe drink. Jou neus kan verstop en toe voel as jy gedehidreer is. Jy kry oggendhoofpyne en raak vergeetagtig.

[Verwerk uit: *Vrouekeur,* November 2014]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## VRAAG 3

### TEKS D: ADVERTENSIE

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae.



WENKE

**Wenke WAT WERK!**

Ons het raad om kunsblomme weer skoon en ruite weer blink te kry.

WEN R5 000

**LESERSWENKE**

As jy weer witsous maak, voeg 'n klein houertjie room by, dit gee 'n lekker smaak. **Rachel Stephanus, Atlantis**

Vir pitsere, maak 'n pasta van Engelse sout en gliserien en plaas op seer. Herhaal 'n paar keer. **Marie Breedt, Welkom**

Vul 'n leë speseryeflessie met meel en strooi op die gerasperde kaas vir pasta. Die meel voorkom dat die kaas drade trek. **Elsabe Matthee, Worcester**

BELANGRIK! As ons jou wenk plaas, het jy 3 maande om jou prysgeld te eis. Ingevolge SARS-regulasies moet jy jou bankbesonderhede verskaf voor ons enige geld aan jou kan betaal. Bel Candice Jongbloed by 021 443 9890 of stuur 'n e-pos na candice.jongbloed@kuier.co.za.

Om krieke uit jou klerekas te hou, gebruik motbolletjies of Epsom-sout wat jy in die kas strooi. **Sally Marais, Grahamstad**

[Verwerk uit: *Kuier*, 29 Aug 2013]

3.1 Wat kan jy byvoeg om 'n witsous lekker te maak? (1)

3.2 Gee 'n woord uit die advertensie wat dieselfde beteken (SINONIEM) as die woord tussen hakies.

Jy moet jou besonderhede (verskaf). (1)

3.3 Die woord "pasta" bestaan uit die volgende LETTERGREPE: pas-ta.

Verdeel nou die woord "kunsblomme" in LETTERGREPE. (1)

3.4 Hoeveel maande het jy om die prysgeld op te eis as die tydskrif jou wenk plaas? (1)

3.5 Op watter TWEE maniere kan jy met die tydskrif kommunikeer? (2)

3.6 Hoekom moet jy eers jou bankbesonderhede verskaf voor hulle geld aan jou kan betaal? (2)

3.7 Wat kan jy gebruik om krieke uit jou klerekas te hou? (1)

3.8 Kies die korrekte ANTWOORD. Skryf slegs die vraagnommer (3.8) en die letter (A–D) neer.

Watter SKRYFTEKEN word in die woord "leë" gebruik?

A Kappie
B Deelteken
C Koppelteken
D Aksentteken (1)

**[10]**

## VRAAG 4

### TEKS E: STROKIESPRENT

Lees die strokiesprent aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.




[Verwerk uit: *Afrikaans Sonder Gense*]

4.1 Gee die VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Ma het self 'n (geskenk) gekoop. (1)

4.2 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Die (ma) het vir Trevor 'n geskenk gegee . (1)

4.3 Skryf die VROULIKE GESLAG van die woord tussen hakies.

Sy (broer) se naam is Neo. (1)

4.4 Gee die korrekte TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Trevor is die (beter) van die drie kinders. (1)

4.5 Gee die SINONIEM van die woord tussen hakies.

Jy sal ook 'n (geskenk) van ma af kry. (1)

4.6 Skryf die sin oor en gebruik die regte LEESTEKEN.

Wat was dit (1)

4.7 Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies.

Albei vrouens drink koffie (van/uit) koppies. (1)

4.8 Kies die KORREKTE SPELLING.

Hulle sit die koppies op (pierings/peërings) as hulle klaar gedrink het. (1)

4.9 Skryf die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Die koffie wat hulle drink is (warm). (1)

4.10 Skryf die korrekte VORM VAN DIE WOORD tussen hakies.


Dit is 'n (goed) idee om vir Trevor 'n geskenk te gee. (1)
**[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5

### 5.1 TEKS F: WARE LEWENSDRAMA

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.




Twee jaar gelede was Shane in graad 11 toe hy die skool verlaat het. Carmen het stelselmatig gesien hoe haar kind in 'n ander mens verander. Hy was by tye baie aggresief. Hy het nooit 'n verkeerd woord vir sy ma gesê nie. Sy ma het later begin dink haar kind is 'possessed'. Sy oë het by tye doodstil in sy kop gestaan as hy vir jou kyk. Die dag toe Shane probeer het om selfmoord te pleeg, was soos enige normale dag. Niks was buitengewoon nie, dit was die laaste ding wat hulle vermoed het. Shane se broer het van die werk af gekom. Hy het deur die venster sy broer aan 'n tou sien hang. Gelukkig was hy nie dood nie.

[Verwerk uit: *Kuier*, 2014]

5.1.1 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Twee jaar gelede was Shane in graad 11.
**Begin só:** Hierdie jaar ... (1)

5.1.2 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Hy was by tye baie aggressief. (2)

5.1.3 Gee die MEERVOUD van die onderstreepte woord in reël 2. (1)

5.1.4 Skryf die sin in die LYDENDE VORM oor.

Hy sê altyd die regte woorde.
**Begin só:** Die regte woorde ... altyd deur hom ... (2)

5.1.5 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Carmen sê: "Ek het baie hard gewerk."
**Begin só:** Carmen sê dat ... (2)

5.1.6 Skryf die korrekte VORM van "verkeerd" neer. (Reël 4) (1)

5.1.7 VERBIND die twee sinne met die woord tussen hakies.
Skryf die hele sin uit.

Shane wil selfmoord pleeg. Hy is moeg vir die lewe. (omdat) (1)

5.1.8 Voltooi die INFINITIEF.

Hy werk baie hard om geld vir sy familie ... verdien. (1)

5.1.9 Gee die AFKORTING vir "graad". (Reël 1) (1)


5.1.10 Gebruik die woord "deur" in 'n sin sodat dit 'n ANDER BETEKENIS het as in reël 11. (1)

5.1.11 Gee die INTENSIEWE VORM vir "dood". (Reël 12) (1)

Kopiereg voorbehou

## 5.2 TEKS G: PRENT MET KORT TEKS


Kyk na die prente hieronder en beantwoord die vrae.



5.2.1 Marie het baie laat by die huis gekom en haar ma is kwaad. Marie is baie ONMANIERLIK wanneer sy met haar ma praat.

Wat sal Marie se woorde wees? Kies die REGTE antwoord .


A Marie: Ek gee nie om nie, die partytjie was lekker.
B Marie: Ek is baie jammer omdat ek so laat gekom het.
C Marie: Volgende keer sal ek saggies klop.
D Marie: Ek is jammer, ek sal volgende keer die deur sagter oopmaak. (1)



5.2.2 Koos en Sienie werk saam en Koos wil met Sienie uitgaan. Sienie wil nie met hom uitgaan nie. Koos besluit om haar te MANIPULEER om saam met hom uit te gaan.

Wat sal Koos se woorde wees? Kies die REGTE antwoord.


A Koos: Weet jy nie dat ek met enige meisie kan uitgaan nie.
B Koos: Ek doen jou net 'n guns, jy het nie 'n kêrel nie.
C Koos: As jy met my sal uitgaan, sal ek jou help om daardie werk klaar te kry.
D Koos: Jy weet nie wat jy mis nie. (1)



5.2.3 Die vrou wil geld van die bestuurder leen. Sy wil hê hy moet die maatskappy se geld vir haar leen. Dit is ONWETTIG om dit te doen.

Wat sê die bestuurder aan die vrou? Kies die korrekte antwoord.


A Bestuurder: Ek sal later sien wat om te doen.
B Bestuurder: Nee, praat met die ander bestuurders.
C Bestuurder: Net ons bestuurders kan die maatskappy se geld leen.
D Bestuurder: Ek is baie jammer. As ek dit doen, sal ek tronk toe gaan. (1)



5.2.4 Die baas wil nie hê dat sy werkers tyd moet mors nie. Hy BERISPE sy werker.

Wat sal sy woorde wees? Kies die KORREKTE antwoord.

A Kobus: Tyd is nie geld nie!
B Kobus: Jy kan maar huis toe gaan!
C Kobus: Jy moet jou tyd goed gebruik!
D Kobus: Kyk hoe laat is dit! (1)



5.2.5 Die matrikulant sien in die koerant dat hy nie geslaag het nie. Hy BLAMEER homself vir die swak uitslae.

Wat sê hy vir homself? Kies die REGTE antwoord.

A Matrikulant: Ag, ek sal werk gaan soek.
B Matrikulant: Daardie onderwysers was sleg.
C Matrikulant: As ek harder gewerk het, sou ek geslaag het.
D Matrikulant: Ek dink hier moet iewers 'n fout wees. (1)

5.2.6 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies.

Die seun skree: "(Hoera/Aai), ek het gedruip!" (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

***KINDERS VAN DIE AARDE*** **– Charles Fryer**

Hierdie afdeling bestaan uit EEN VRAAG.

Beantwoord die vrae oor ALTWEE verhale.

**VERHAAL A:** ***DIE TONGBLAAR*** **(20)**

**EN**

**VERHAAL B: 'n MAN KOM TUIS (20)**

### VRAAG 6

**VERHAAL A:** ***DIE TONGBLAAR*** **– Pirow Bekker**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> "Wys my waar," sê sy prakties.
> Effens oordrewe lig hy sy bobeen met albei hande en beduie na die rooi vlek. Hy is nie seker van daardie blink in haar oë nie.
>
> * * *
>
> Hy kyk na haar asof hy haar vir die eerste keer sien.
> Maar net 'n oomblik. Toe word hy bewus van die kinders wat die aangrensende klaskamer begin vul. Ou Katlagter kan nou enige oomblik die deur wat die klas met die laboratorium verbind, oopdraai.

6.1 Wie is die "hy" in die stuk? (1)

6.2 Wie is die "haar" wat met hom praat? (1)

6.3 Waar is die twee sprekers? (1)

6.4 Wat het veroorsaak dat die seun 'n rooi vlek op sy been het? (1)

6.5 Watter soort pers kristalle het sy gebruik vir die rooi vlek op die seun se been? (1)

6.6. Sê hoekom hierdie stelling ONWAAR is:

Die meisie in die uittreksel se hande was pers, want sy het moerbeie geëet. (1)

6.7. Voltooi die volgende sin deur die woorde in die blokkie hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (6.7.1 – 6.7.2) en die woord neer.

| rugbykaptein; klaskaptein; bynaam; doopnaam |
|---|

Spikkels is 'n kat se naam. Die 6.7.1 … het haar die 6.7.2 … gegee, want sy het bruin kolletjies op haar gesig. (2)

6.8 Kies elke keer die antwoord uit KOLOM B om by die inligting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (6.8.1 – 6.8.4) en die letter ( A–E) neer byvoorbeed 6.8.5 C.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.8.1 | Kontant | A | Garingblaar se naam |
| 6.8.2 | Waaipoort | B | Gedurende die vakansie |
| 6.8.3 | Vrugtestelery | C | Perd se naam |
| 6.8.4 | Tongblaar | D | Die seun se maat |
| | | E | Plaas se naam |

(4 x 1)(4)

6.9 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (6.9) en die letter (A–D) neer.

Die seun raak 'sag' oor 'n meisie. Wat beteken die woord 'sag'?

A weemoedig
B verlief
C hartseer
D eensaam (1)

6.10 Skryf die volgende VIER insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Hy pak nog 'n hele paar klippe tot 'n torinkie op die miershoop om die plek gou te kry.
- Hoe sal hy weet hoe groot die ring moet wees?
- Dis die ruwe ketting met die swaar ysterhaak wat hom op iets bring.
- Hy sal vir haar 'n seëlringetjie koop. (4)

6.11 Hoekom, dink jy, is die seun bang en opgewonde om die volgende kwartaal skool toe te gaan? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Hy knak die blaar en sy buig haar kop.
> Hy trek die helftes uitmekaar en die drade staan styf tussen hulle.
> "Haai, dis wonderlik," sê sy eenvoudig. "Dit lyk soos 'n harpie."
> Dit tref hom so dat hy net aanhou kyk daarna sonder om iets te sê of te doen. Hierdie oomblik wil hy nie breek nie.

6.12 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (6.12) en die letter (A–D) neer.

"Die blaar raak tam en verlep … " is 'n voorbeeld van ...

A 'n metafoor
B personifikasie
C 'n vergelyking
D kontras (1)

6.13 Dink jy dit is 'n goeie idee om jouself te dokter of medisyne te drink as jy allergies is vir iets en jy het nie die dokter se voorgeskrewe medisyne nie? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

**VERHAAL B: *'N MAN KOM TUIS* – Chris Barnard**

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

> Hy's middeljarig. Te oud, lyk dit my, om nog jong kinders te hê; te lank getroud om nog rasend verlief te wees. Maar later vertel hy my sy eerste vrou en hulle twee kinders is tien jaar tevore in 'n motorongeluk dood.

6.14 Watter soort werk het Gouws gedoen? (1)

6.15 Met wie is Gouws getroud na sy eerste vrou se dood? (1)

6.16 Die verteller het altyd met passasiers in sy motor gery.

Sê hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.17 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar oor in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Hy het sy kop by die venster ingesteek en gesê sy naam is Gouws.
- Die man het langs die pad gestaan en met sy hand gewys hy wil saamry.
- Die verteller het uitgewerk dat hy nog minstens vier ure moes ry.
- Hy het sy bagasie,'n paar los pakkies, op die agtersitplek gesit. (4)

6.18 Voltooi die volgende sin deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer (6.18.1–6.18.2) en die woorde neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wilgerspruit; | Skurweberg; | tent; | hotel |

Ons is besig met die pad 6.18.1 ... toe, nou bly ek in ʻn 6.18.2 ... (2)

6.19 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (6.19) en die letter (A–D) neer.

"Jy dien jou naaste soos die Bybel sê ons moet."

Hierdie sin is ʻn voorbeeld van ...

A personifikasie.
B vergelyking.
C metafoor.
D kontras. (1)

6.20 Kies die korrekte ANTWOORD.
Skryf slegs die vraagnommer (6.20) en die letter (A–D) neer.

Gouws het baie ver gery om by sy familie te wees oor ʻn naweek. Hoeveel kilometer was dit ʻheen en terugʼ?

A 100
B 500
C 1 000
D 10 000 (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Ek het gewonder: skort hier iets? Hoekom wil hy my nie naby sy huis hê nie? Want hy het my aanbod nie sommer net hoflikheidshalwe van die hand gewys nie. Daar was iets in sy stem, ʻn beslistheid, wat my vreemd voorgekom het.
>
> Hy had skynbaar ʻn slag om gedagtes te raai, die passasier van my. Want skielik verduidelik hy.

6.21 Waar het die verteller vir Gouws afgelaai? (1)

6.22 Waarom het die verteller stilgehou en uitgeklim, nadat hy vir Gouws afgelaai het? (1)

6.23 Kies elke keer die antwoord uit KOLOM B om by die karakter/s in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (6.23.1–6.23.4) en die letter (A–E) neer byvoorbeeld 6.23.5 D.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.23.1 | Gawietjie | A | is 'n slimkop. |
| 6.23.2 | Andries en Hestertjie | B | is in standard vier. |
| 6.23.3 | Sienie | C | is nou nege. |
| 6.23.4 | Petrus | D | is vyf jaar oud. |
| | | E | is die jongste. |

(4 x 1) (4)

6.24 Watter geskenk het Gouws vir sy vrou gevat? (1)

6.25 Gouws se vrou en kinders het die geskenke vir die eerste keer in die huis gesien.

Sê hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.26 Gouws wou nie hê die verteller moes hom by sy huis aflaai nie.
Dink jy dit is veilig, in vandag se lewe, dat iemand jou by jou huis aflaai?
Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**